ATKV-Woordveertjies

# *Prys vir Niefiksie*

## REGLEMENT

### *1. Doelstelling*
Die Prys vir Niefiksie word toegeken aan die beste lesergerigte niefiksie-publikasie wat gedurende die voorafgaande kalenderjaar verskyn het.

### *2. Omskrywing van prys*
- Alle niefiksie-titels op die gebied van aktuele sake, geskiedenis, politiek, wetenskap, sport, reis, die kunste, asook biografieë en outobiografieë, sal oorweeg word.
- Die werk moet oorspronklik in Afrikaans geskryf wees en deur 'n gevestigde uitgewery gepubliseer wees.
- Geen leefstylpublikasies soos kookboeke en handwerkboeke, kortverhaalbundels, selfhelpboeke, besigheidsboeke of handboeke sal oorweeg word nie.
- Bundels essays en rubrieke sal oorweeg word slegs as hulle onder meer 'n beduidende mate van navorsing toon.

### *3. Kriteria vir die beoordeling van die niefiksie-boeke*
Uitstekend geskryf, nagevors en aangebied. Akkuraat, oorspronklik, insiggewend, innoverend, vindingryk, stimulerend, relevant en lesergerig.

### *4. Pryse*
Die wenner ontvang R20 000 en 'n ATKV-Woordveertjie.

### *5. Hoe om in te skryf*
- 'n Uitgewer mag enige aantal boeke vir die prys inskryf.
- Vul die inskrywingsvorm volledig in. Vyf eksemplare van elke boek moet per inskrywing ingestuur word. Elke eksemplaar van die boek moet ook 'n kopie van die inskrywingsvorm vervat.
- Verpak en versend die boeke en inskrywingsvorms in een koevert of houer per inskrywing. Gebruik 'n afsonderlike koevert of houer vir elke afsonderlike inskrywing.
- Indien die inskrywing nie volledig is nie, sal dit gediskwalifiseer word.
- Inskrywings moet gegrond wees op werk wat tussen 1 Januarie 2023 en 31 Desember 2023 gepubliseer is.
- Geen vertaalde werke of herdrukke kom in aanmerking nie.

**Sluitingsdatum: Maandag 3 Junie 2024**

### *6. Inskrywings*
**Rig u inskrywing aan:**
Jeanné Naudé
Organiseerder: ATKV-Prys vir Niefiksie
**Posadres:** Posbus 4586, Randburg 2125
**Straatadres:** Surreylaan 348, Ferndale, Randburg 2194
**Tel.:** (011) 919 9088
**E-posadres:** jeannen@atkv.org.za

- Besonderhede oor hierdie prys en die inskrywingsvorm verskyn op die webwerf by www.atkv.org.za.
- NB: Indien u 'n inskrywing per pos of koerier stuur, skakel asseblief met die organiseerder sodat die ATKV bewus is van die inskrywing.
- Finaliste sal in kennis gestel word sodra die beoordeling afgehandel is.

### *7. Reëls van die kompetisie*
- Daar is geen inskrywingsgeld nie.
- Inskrywings moet gegrond wees op werk wat tussen 1 Januarie 2023 en 31 Desember 2023 gepubliseer is. Geen vertaalde werke of herdrukke kom in aanmerking nie.
- Vorige wenners mag weer inskryf.
- Kundiges tree as beoordelaars op.
- Die paneel word saamgestel deur die ATKV.
- Elke inskrywing word in sy geheel beoordeel en nie net dele daarvan nie.
- Die ATKV behou die reg voor om in samewerking met die beoordelaarspaneel 'n finale beslissing te maak wanneer daar vanweë die reëls of praktyk van die kompetisie onsekerheid of 'n uitsondering ontstaan.
- Die beoordelingsproses word streng deur die ATKV gekontroleer.
- Die beslissing van die beoordelaars is finaal. Geen korrespondensie sal tydens of na afloop van die kompetisie oor die uitslag gevoer word nie.
- Die ATKV kan pryse weerhou na gelang van die gehalte van die inskrywings en op aanbeveling van die beoordelaars.
- Slegs een wenner word aangewys.
- Die ATKV behou die reg voor om beeld- sowel as oudiomateriaal van die weninskrywings tydens die ATKV-Woordveertjies te gebruik.
- Geen materiaal sal teruggestuur word nie.
- Deelnemers onderneem om hulle neer te lê by alle kompetisiereëls, wat ook mediaskakeling insluit.
- Oortreding van die reëls van hierdie kompetisie of onvolledige inskrywings kan lei tot die diskwalifikasie van die inskrywings.
- Die ATKV behou die reg voor om die kompetisie enige tyd op te skort of te beëindig indien omstandighede dit noodsaak.

**Navrae: Jeanné Naudé**
**Tel.: (011) 919 9088**
**E-pos: jeannen@atkv.org.za**

ATKV-Woordveertjies

# *Prys vir Niefiksie*

## REGLEMENT

| | |
|---|---|
| Titel van boek: | |
| **BESONDERHEDE VAN UITGEWER** | |
| Naam van uitgewer: | |
| Kontakpersoon: | |
| Kontaknommers: | W: Sel: |
| | Faks: |
| E-posadres: | |
| Posadres: | |
| | |
| | Kode: |

Hiermee aanvaar ons die reëls en regulasies.

| | | |
|---|---|---|
| Handtekening: | | Datum: J J J J M M D D |

| | |
|---|---|
| **SKRYWER** | |
| Naam en van: | |
| Kontaknommers: | W: Sel: |
| | Faks: |
| E-posadres: | |
| Posadres: | |
| | |
| | Kode: |

Ek, ______________________________ ,die genomineerde, het al die reëls gelees en aanvaar die voorwaardes.

| | | |
|---|---|---|
| Handtekening: | | Datum: J J J J M M D D |

**NB: Inskrywings moet uit werk bestaan wat tussen 1 Januarie 2023 en 31 Desember 2023 verskyn het.**
**Vyf eksemplare van die genomineerde boek moet saam met die inskrywingsvorm ingestuur word.**